

**5 Junie**

**Dit voel asof God onttrek het! Is ek verlore?**

**Skrifgedeelte: Psalm 88**

**Fokusgedeelte: Psalm 88:14, 15**

Ander mense laat dit so maklik klink. Hulle advies is goed bedoel: "Vertrou net op die Here. Bid net, en alles sal regkom."

Maar dit is wat jy dan nog altyd doen! Jy worstel van die oggend tot die aand met God – maar jy hoor Hom nie antwoord nie. Die moeilikheid word net al hoe groter, die gat al hoe dieper, die duisternis al hoe donkerder. Het God my dan verlaat? Is ek verlore?

Heman was ook moedeloos. Gelowig soek hy sy hulp en krag by die Here, worstel hy dag en nag met God, maar dit is asof Hy hom verstoot het en daar geen antwoord kom nie. Die psalm eindig selfs sonder 'n antwoord! Ja, gelowiges worstel ook, en hulle worstelinge is in die Bybel tot ons troos opgeteken.

Psalm 88 toon dat dit soms vir 'n lang tyd kan lyk asof die Here nie hoor nie. Maar hoewel dié psalm sonder 'n antwoord eindig, is dit in 'n psalmboek in 'n Bybel vol antwoorde opgeneem. Daardeur sien ons dat dit soms vir die worstelaar kan lyk asof sy worsteling vrugteloos is, maar intussen is en bly hy in die Here se liefde en genade toegevo. God laat jou nooit alleen aan jou lot oor nie, al voel dit soms so. Juis daarom het Hy sy Seun na hierdie aarde gestuur om in Getsemane swetend te worstel en op Golgota in Godverlatenheid te hang.

Worstelaar, jy is nie verlore nie. Hou net aan om *met God* te worstel, al lyk dit op die oog af vrugteloos. Hy sal jou nooit alleen laat nie, en sy Lig sal weer vir jou deurbreek!

*Sing: Psalm 130:1, 4*

*Ds. HB Hattingh (Warmbad)*